V69/1999




* Huise
* Plase
* Plotte
* Besighede
* Standplase

BESOEK MY EERSTE VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE

Eienaar:

**G. Schoonhoven**

Tomstraat 86a Telefoon 5136
Na-ure 6056
Huisarres:
Van der Hoffweg 1

**J. HEIDEMA**

Vir

**FIETSE**

en vakkundige

**Herstelwerk**

**Opberging**

van fietse gedurende vakansies

Kerkstraat 48 —Tel. 5319

**GROSVENOR**
EN
**GOUGH MOTORS**

GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE

Asook:

**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

**I. GLASER**

— JUWELIER —

VERLOOFRINGE:
**AFSLAG**
vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

**TX MODISTE**

(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon

Kerkstraat 183 Tel. 4856

Ruikers vir alle geleenthede

**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM



# die WAPAD

DINSDAG 13 SEPTEMBER 1966


## SAMEWERKING

In die uitgawe verskyn verklarings van twee van die nuutverkose studenteleiers. Albei doen 'n beroep op al die studente om aktief deel te neem aan alle aspekte van die studentelewe.

Sodanige beroepe is vir ons glad nie onbekend nie. Die verklarings is egter van groot belang as hulle teen die tydsagtergrond gesien word.

In die afgelope termyn het probleme voorgekom wat dui op 'n groot gebrek aan eensgesindheid en samewerking onder die studente. Hiermee het ook gepaard gegaan gebrek aan aktiwiteit.

Vir hierdie verskynsel is daar baie oorsake wat herlei kan word tot die ontwikkelingsfase waarin die P.U. op die oomblik verkeer. Van die groot hoeveelheid studente wat in die afgelope jare na die P.U. gekom het, neem slegs 'n klein persentasie aan die studentelewe deel. Daarvan getuig die klein hoeveelheid stemgeregtigdes vir die afgelope studenteraadsverkiesing.

Wat gaan ons hieraan doen?

Skryf en praat help nie veel nie. Die meeste van hierdie studente het bv. nie genoeg belangstelling om die hoofartikels te lees nie.

Die enigste oplossing is dat die klein groepie belangstellendes tot die daad oorgaan en probeer om o.a. deur indiwiduele kontak belangstelling te wek vir die verskillende organisasies in die studentelewe. Eksklusiwiteit moet soveel as moontlik vermy word en daar moet gepoog word om steeds meer lede te werf en hulle dan ook te betrek in die take van die organisasies.

Daar lê 'n groot taak voor vir die nuwe bestuurslede van die organisasies.

Alleen deur deelname van alle studente van die universiteit aan die studentelewe, en as almal saamwerk om aktiwiteit op alle gebiede te stimuleer, is 'n gesonde studentelewe moontlik.

## EKSAMEN

Teen die maand September is daar meesal 'n merkbare verslapping in die studentelewe, wat geleidelik oorgaan tot 'n staking van alle aktiwiteite in die studentelewe.

Hiervoor is verantwoordelik die Septembertoetse met die bloktyd en die eksamens wat daarop volg. Ook ander periodieke toetse toon die neiging om nadelig in te werk op die aktiwiteite in die studentelewe.

Die fout wat vir die toestand verantwoordelik is, moet ten dele gesoek word by die studente self, wat weens die stelsel net in sekere periodes van die jaar aktief studeer. Die stelsel self werk die toestand egter in die hand.

Die huidige eksamenstelsel verseker dat studente wel hul leerplan binne 'n sekere tydsbestek afhandel. Diegene wat nie genoeg verantwoordelikheidsgevoel besit om op hulle eie te werk nie, word as't ware aangepor om te werk.

Die stelsel het egter die nadeel dat persone wat volgens hul eie tempo wil werk, moet inpas by 'n sekere patroon, waarby hulle of nie kan byhou nie of tyd verspil. In die opsig het die stelsel wat in Wes-Europa in gebruik is, waardeur persone eksamen in 'n vak kan doen wanneer dit hulle pas, baie voordele.

So 'n stelsel, indien toegepas in Suid-Afrika, sou vir baie studente 'n verantwoordelikheid meebring wat hulle eintlik nie kon aanvaar nie. Maar as die studente die verantwoordelikheidsbesef nie op univesiteit ingeprent word nie, waar moet dit dan gedoen word?

Uit die oogpunt van die studente-aktiwiteite sou die Europese stelsel beslis voordelig wees en sorg vir 'n meer egalige verloop van die studentelewe en sodoende lei tot groter prestasies op die gebied.

## *Studente skryf en praat . . .*

**Is die hele Suid-Afrikaansestudentetoneel nie geleidelik besig om in 'n tragi-komiese narrespel te ontaard nie?**
**—Hoofartikel, Die Perdeby.**

**Die Forum is inderdaad, na sy meer eintlike betekenis, 'n geregshof, maar dan dadelik met die volgende uiters belangrike kwalifikasie: die regter moet altyd voor oë hou dat die aangeklaagde self ook regter in sy eie saak is.**
**—Artikel, Studenteforum.**

**Daar sal met 'n heilige onverdraagsaamheid opgetree word teen alles wat in stryd is met ons godsdienswaardes.**
**—Mnr. Viccie le Roux, S.R. Voorsitter van U.S.**

**Power achieved is nothing in itself, but power properly utilized is everything.**
**— Hoofartikel, Rhodeo.**

## In U Lig

**PSALM 139**

**Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid.**

HERE, U ken en deurgrond my.
U ken my sit en my opstaan; u verstaan van ver my gedagte.
U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend.
Want daar is nog geen woord op my tong nie — of u HERE U ken dit geheel en al.
U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my.
Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoor: ek kan daar nie by nie.
Waar sou ek heengaan van u gees en waarheen vlug van u aangesig?
Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk, my bed, kyk U is daar!
Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon,
ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou.
En as ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting,
dan is selfs die duisternis vir u nie donker nie, en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig.
Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.
Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit al te goed.
My gebeente was vir u nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.
U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae wat almal bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.
Hoe kosbaar is dan vir my u gedagtes o God! Hoe geweldig is hulle volle som nie!
Wil ek hulle tel, hulle is meer as die sand; word ek nog wakker, dan is ek nog by U.
O God, as U tog maar die goddelose wou ombring! En julle manne gaan van my af weg!
Hulle wat arglistig teen u spreek, u Naam ydelik verhef — U teëstanders!
HERE, sou ek die nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie?
Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!

## — Deur My Lens —

Ek is weer hier. Of julle daarvan hou of nie; ek mag weer my refleksies werp op een en almal op en om die kampus. Weer is die voorreg my gegun om my bene behaaglik voor my uit te steek terwyl ek die beroerde wêreld deur my lens betrag.

**GEëLIMINEER**

Baie studente het die gedagte uitgespreek dat ek deur die Studenteraad geëlimineer is van Die Wapad en dalk selfs uit die studentelewe. Die vrees (of hoop?) was egter ongegrond. Alhoewel u van my hoë mate van onbekwaamheid na die lees van hierdie artikel oortuig sal wees en die hoë mate van ongewensdheid van my bestaan seker vanselfsprekend is, het dit geblyk dat die eliminasiestelsel ongeldig is.

**TRADISIES**

Die ontdekking van die skokkende feit was werklik 'n ramp vir die studentelewe. want daarmee het 'n instelling wat vinnig besig was om as een van die ou waardige tradisies van die P.U. geërbiedig te word, op 'n baie ongeleë tydstip van die toneel verdwyn. Liberale elemente wat alle tradisies wil omverwerp, kon weer vryelik insypel.

**VERNUWING**

Het die liberale elemente ook in die nuwe Studenteraad ingesypel? Weens die ontydige ineenstorting van die eliminasiestelsel is dit moeilik om te sê. Die mate van liberalisme kan afgemeet word aan die hoeveelheid massavergaderings wat hulle in hulle termyn gaan hou.

Met die verkiesing het die baie van die ou Studenteraadslede oorgestap in die nuwe Steudenteraad hoewel almal miskien nie in die poste gekom het waar hulle wou wees nie. Ek hoop tog dat hulle met die vernuwing ook 'n vernuwingskuur ondergaan het.

Die stryd teen die liberale elemente word blykbaar voortgesit op alle terreine van die studentebestaan. Deur tugtiging word die vrybuitery in die meer alledaagse lewe ook teengewerk. Dat die studente reeds in staat is om die vorm van tugtiging te ondergaan, bewys in elk geval dat hulle nie meer bottelbabas is, soos 'n rubriekskrywer in 'n Sondagkoerant beweer het nie! Om nie eers te praat van papbroekigheid nie . . .

**KUNS**

Na die suksesvolle opvoering van twee dramas vanjaar. kan ons darem weer die wêreld in die gesig kyk. Dit lyk of die Puk werklik 'n kulturele Renaissance binnegaan. Die Middeleeue is egter nog nie baie ver weg nie. Dit was nog maar kort gelede dat kunssiniges wat tegelykertyd ook goeie Pukke wou wees, die kop in skaamte laat sak het as hulle die P.U. se kunspogings beskou. Dit lyk werklik of ons studente-geselskappe ook stilweg die rommel opgeruim het.

**WORSTEL**

En die konserwatorium? Afgesien van die hoë gehalte konserte wat dikwels hier aangebied word (is daar studente wat ook daarvan weet?) verwag 'n mens darem so af en toe iets soos 'n operette- of opera-opvoering. Maar dan kan 'n mens jou afvra waar dit dan gedoen moet word? Ek hoop dat die departement van Beplanning en dalk selfs die Raad en die Senaat ook reeds met die probleem worstel.

**SPORT**

Nog 'n interessante verskynsel op die P.U. is die Sportinstituut. Hierdie liggaam verduur tans blykbaar groot kommer oor die vragte werk wat op hulle wag. Telkens as ek verby die sportdirekteur se kantoor stap sien ek hom spelend met 'n kettingkie. turend na die plafon . . .

REFLECTOR

**(Reflector is voorwaardelik aangestel om die rubriek weer te behartig. Sy rubriek word op eie verantwoordelikheid geskryf en verteenwoordig geensins die mening van die redaksie nie. —Red).**

## HY BOU VOORT




## O/VOORSITTER VRA DAT STUDENTE SAAMWERK

**'n Beroep is op die P.U.-studente gedoen om saam te span om die studentelewe te laat tred hou met die snelle vooruitgang en toename in studentegetalle, deur die nuwe ondervoorsitter van die Studenteraad, mnr. Andries du Plooy. Mnr. Du Plooy het die volgende verklaring gedoen:**

„As 'n mens die snelle ontwikkeling en uitbreiding van die P.U. vir C.H.O. dophou en die huidige situasie van ons studentelewe waarneem, mag dit 'n mens tref dat daar in verskillende fasette van ons studentelewe nie met die verloop van die tyd rekening gehou is nie. Dit het in baie opsigte selfs te staties, te tradisioneel en afgesaagd geword en moet daarom kunsmatig aan die lewe gehou word.

**ERNSTIGE BEROEP**

„Hoewel daar tans ernstig aan dag gegee word aan die hele situasie van owerheidsweë, moet daar tog 'n ernstige beroep op samewerking en belangstelling van die massa se kant af gedoen word.

„Dit is ongelukkig dat 'n mens deesdae veral 'n tendens tot onbelangstellendheid in die studentelewe onder studente merk, soms ook in 'n onverskillige houding teenoor ons eie karakter.

„Die oplossing van die probleem is totaal afhanklik van die gesindheid, inisiatief en houding van die studentemassa. Dit is essensieel dat die student moet deelneem aan verenigings-, sosiale, kulturele en sportlewe, afgesien van die akademiese vorming. Anders sou die universiteit 'n spesifieke taak versaak.

**OORSPRONKLIK**

„Ons moet dus almal die situasie deeglik in oënskou neem, progressief en oorspronklik dink en saamspan om ons studentelewe in sy geheel te laat aanpas en te laat tred hou met die snelle vooruitgang en toename in studentegetalle. Alles lyk belowend om van hierdie universiteit ook 'n groot universiteit op die terrein van die studentelewe te maak."

## Oud-redakteur berispe die Pootjie

„Die wyse waarop die jongste uitgawe van „Die Pootjie" 'n berig uit die vorige uitgawe van Die Wapad oorgeneem het, getuig van swak joernalistiek", het mnr. Koot Reinecke, vorige hoofredakteur van Die Wapad in 'n onderhoud gesê.

Mnr. Reinecke het die mening uitgespreek na aanleiding van 'n berig van Die Pootjie oor die verskyning van 'n koerant op die kampus van die P.U.

**KOMMENTAAR**

Die hoofredakteur lewer in die uitgawe van Die Wapad kommentaar oor die behoefte van 'n tweede koerant aan die P.U., wat in berigvorm in Die Pootjie weergegee is.

**„Wedersydse beriggewing kan die verhouding tussen die twee inrigtings verbeter, maar dan moet gewaak word teen foutiewe oorname van berigte wat reeds in Die Wapad verskyn het", het hy gesê.**

## Rhodes-lektore keer terug

'n Artikel in Rhodeo, studentekoerant van Rhodes-universiteit, van 1 September 1966 verklaar dat „as a result of negotiations between the university and Mr. Vorster" die verbanning op 2 lektore van die Universiteit opgehef is. Die stap is op 24 Augustus vanjaar geneem deur adv. Vorster toe nog minister van Justisie, toe mnr. Bread wat meer as 3 jaar verban was, en mnr. N. Bromberker wat meer as 'n jaar van sy arbeid weg was, in hul ampte herstel is.

# Nege vir die eerste keer op Studenteraad verkies

**NEGE studente is vanjaar vir die eerste keer op die Studenteraad verkies, Vyf lede wat vir 'n volgende termyn herkies is, was die enigste lede van die vorige Studenteraad wat aan die verkiesing deelgeneem het.**

**Mnr. Andries du Plooy, dien nou vir sy derde termyn op die Studenteraad. Mnre. Willie Coetzee, Jan Schutte, Ben de Klerk en Johan Breedt is vir hul tweede termyn verkies.**

**DIRK LAUFS**

Mnr. Dirk Laufs is die nuwe onder-sekretaris van die Studenteraad. Hy is 'n B.A. (propedeutiese) student in sy tweede jaar. Mnr. Laufs is in 1947 op Potchefstroom gebore. Hy het gematikuleer in 1964 aan die Hoërskool Carletonville. en was ook hoofseun van sy skool. Hy het in 1965 aan die P.U. ingeskryf. Hy was die afgelope termyn addisionele lid op die besture van Korps en Thalia.

**KOOS DU PLOOY**

Mnr. Koos du Plooy, wat gekies is as penningmeester van die Studenteraad, is ook 'n tweedejaarstudent. Hy is in 1945 gebore en het sy Hoërskoolopleiding in Bloemfontein ontvang. Hy was in sy matriekjaar hoofseun van die Hoërskool Jim Fouche. Mnr. Du Plooy was lid van sowel die rugby- as atletiekspanne van die Vrystaatse skole. Nadat hy militêre opleiding ondergaan het. het hy aan die begin van 1965 aan die P.U. ingeskryf. Hy het hom hier ook uitgewys as 'n uithaler-sportman en vanjaar gespeel vir Wes-Transvaal en vir Suid-Afrikaanse Universiteite. Daarby het hy die vorige termyn gedien as penningmeester van die A.S.B. en van die Rugbyklub. Mnr. Du Plooy is 'n B.Comm-student.

**ROSALIE DE KLERK**

Mej. Rosalie de Klerk is die damesverteenwoordigster op die Studenteraad vir die termyn. Mej. De Klerk is 'n B.A.-student in haar derde jaar en is van voorneme om haar volgende jaar in te skryf vir die U.O.D.

Sy het in 1963 gematrikuleer aan die Hoërskool Bothaville, waarvan sy hoofmeisie was. Aan die P.U. het mej. De Klerk veral op sportgebied naam gemaak. Sy het al aan pluimbal, netbal, atletiek en gimnatiek deelgeneem. Sy is op geneem in die Wes-Transvaalse pluimbalspan asook in die netbalspan. Sy was vanjaar ook lid van die huiskomitee van Piet Groblerhuis.

**CALIE COETZEE**

Mnr. Calie Coetzee, nuwe verteenwoordiger van die A.S.B. op die Studenteraad, is in 1945 op Petrus Steyn gebore. Hy het in 1962 gematrikuleer aan die Potchefstroom Gimnasium, waar hy ook as prefek gedien het. Hy was in 1963 in die lugmaggimnasium en het in 1964 aan die P.U. ingeskryf vir die graad B.A. (Propedeuties). Hy was in 1965 addisionele lid op die A.S.B.-bestuur en in 1966 sekretaris. Mnr. Coetzee was vanjaar een van die afgevaardigdes van die P.U. na die A.S.B.-kongres op Stellenbosch.

**JOHAN VAN DER WALT**

Mnr. J. P. L. (Johan) van der Walt is verkies as verteenwoordiger van Korps V.V. op die Studenteraad. Mnr. Van der Walt is ook gekies as voorsitter van Korps vir hierdie termyn. Hy is in 1945 gebore en het sy Hoërskoolopleiding ontvang aan die Hoërskool Vryburger te Primrose, waar hy in 1962 hoofseun was. Mnr. Van der Walt het hom in 1963 aan die P.U. ingeskryf en is tans 'n eerstejaarstudent aan die Teologiese Skool. Mnr. Van der Walt was lid van die Korpsbestuur in 1964 en voorsitter van die J.V.Thiatire. Hy was in 1965 ondervoorsitter van die Ontspanningskomitee. Ook op sportgebied het hy sy kleure gewys deur te speel vir die Eerste Manshokkiespan.

**GERRIT COETZEE**

Mnr. Gerrit Coetzee. medeverteenwoordiger van Korps op die Studenraad en nuwe ondervoorsitter van Korps, is in 1945 gebore. Hy het in 1963 aan die Hoërskool Linden, Johannesburg, gematrikuleer, en in 1964 na die P.U. gekom. Mnr. Coetzee is 'n student in Teologie. Hy was in 1965 organiseerder van Korps en vanjaar sekretaris van dié liggaam. Hy was ook vir twee termyne ondervoorsitter van Thalia en was vanjaar penningmeester van A.B.K.K.

**JOHAN VAN RENSBURG**

Mnr Johan van Rensburg is verkies tot verteenwoordiger van die A.B.K.K. op die Studenteraad. Mnr. Van Rensburg is in 1944 gebore. Hy was leerling aan die Hoërskool Gimnasium. Reeds tydens sy skoolloopbaan het hy 'n aktiewe belangstelling in die musiek getoon. In sy matriekjaar het hy al reeds sy eerste toer met Alabama meegemaak. Sedertdien het hy elke jaar met Alabama getoer. Mnr. Van Rensburg is tans besig met die graad B.Mus. Hy het verlede jaar sy finale musiekeksamen met lof geslaag Mnr. Van Rensburg, wat verlede jaar voorsitter was van Alabama, het 'n groot aandeel gehad in uitvoerings. wat deur die geselskap gelewer is.

**WILLEM SCOTT**

Mnr. Willem Scott is een van die verteenwoordigers van die S.S.B. op die Studenteraad. Hy is 'n derdejaarstudent vir die graad B.Comm. (Regte). Mnr. Scott is in 1945 op Vryburg gebore en het skool gegaan op Schweizer-Reneke. Hy was daar rugbykaptein en prefek. In 1963 was hy in die Lumag vir militêre opleiding en in 1964 het hy na die P.U. gekom. Aan die P.U. het hy gou uitgeblink as 'n uithaler-rugbyspeler. Hy het in sy eerste jaar vir die onder 20-span gespeel en daarna vir die eerstespan. Hy is verlede jaar tot onderkaptein van die rugbyklub verkies en vanjaar tot kaptein.

**DAWIE SMITH**

Mnr. Dawie Smith is een van die nuwe S.S.B-verteenwoordigers op die Studenteraad Hy is 'n Honneurs-student in Liggaamlike opvoeding. Mnr. Smith is in 1944 op Potchefstroom gebore en het gematrikuleer aan die Hoërskool Gimnasium. Op skool het hy aan verskeie sportsoorte deelgeneem en vir die eerste span tennis gespeel. Na sy militêre opleiding het hy in 1963 aan die P.U. ingeskryf. Hier het hy ook gou uitgeblink as 'n tennisspeler. Hy was sekretaris van die tennisklub in 1963-64 en kaptein van die klub vir die afgelope termyn. Mnr. Smith is ook onlangs verkies tot voorsitter van die S.S.B.

### Studenteraad 1965/66

**Die nuwe Studenteraad is soos volg saamgestel:**

**Voors. Mnr. Willie Coetzee.**
**Ondervoorsitter: Mnr. Andries du Plooy.**
**Sekretaris: Mnr. Jan Schutte.**
**Ondersekretaris: Mnr. Dirk Laufs.**
**Penningmeester: Mnr. Koos du Plooy.**
**Damesverteenwoordigster: Mej. Rosalie de Klerk.**
**A.S.B.-verteenwoordigers: Mnr. Ben de Klerk, Mnr. Calie Coetzee.**
**Korpsverteenwoordigers: Mnr. Johan van der Walt, Mnr. Gerrit Coetzee.**
**A.B.K.K.-verteenwoordigers: Mnr. Johan Breedt, Mnr. Johan van Rensburg.**
**S.S.B.-verteenwoordigers: Mnr. Willem Scott, Mnr. Dawie Smith.**



**Die nuwe premier is geen onbekende op die P.U. nie. Hy het die Universiteit in Augustus verlede jaar besoek en by die geleentheid 'n maaltyd in Over de Voor geniet. Op die foto verskyn min. en mev. Vorster saam met prof. C. P. van der Walt. Foto: Fotokuns**

## Sewe Gimmies op nuwe S.R.

Die helfte van die nuwe Studenteraadslede is oud-leerlinge van die Hoërskool Gimnasium op Potchefstroom.

Hulle is mnre. Willie Coetzee, Andries du Plooy, Jan Schutte, Ben de Klerk, Calie Coetzee, Johan van Rensburg en Dawie Smith.

# KUNSGESELSIE

„Die onsterflikheid van die kuns: die groot waansin waaraan die digters van die Weste deur baie eeue gely het. . .". So noem Van Wyk Louw dit.

Hierdie begeerte van die kunstenaar dat sy werk deur die grense van die lewe moet breek, en ewig mooi en onverganklik mooi moet wees, tref ons deur die eeue by alle groot kunstenaars aan.

Tog was, en is, daar ook tye wat die kunstenaar (s) net van die kuns wil lewe, dat hy dit van dag tot nag maak en verbruik — soos kos — omdat die lewe vir hom saamtrek tot hiér en nóu.

**WAARHEID**

Maar in ons tyd, die tyd wat alles wil ken en deurgrond, skuil daar ook 'n element van waarheid in die onsterflikheidsgedagte. Dit moet die kunstenaar voortstu; want alleen die geloof in die onbereikbare maak die strewe daarna die moeite werd. Om hoog en vry in hierdie blinde geloof te lewe. En al is dit ook teennatuurlik, selfs dwaas, is die „geloof" daarin magtig en grotesk; laat die krag daarvan homself geld om die kunstenaar telkens tot 'n hoër vorm van sy gees te stuur.

Ook het hierdie „geloof" sy diensknegte swaar laat ly —pyn en smart aangedoen. Beethoven, Villon, Mozart, Rimbaud, Van Gogh — enkele name van die pyn. Net besetenheid en waansin kan so iets moontlik maak.

**EENSAAMHEID**

Maar ook is die skoonheid moeilik kenbaar en begrypbaar; moet dit gesoek word in volle omarming van die lewe wat die mens bevat; sy pyn, vreugde,, ekstase, maar ook sy geroepenheid en diensbaarheid aan God en die mens. Daarom ook is die geestelike besit en skoonheidsidele geen maklike drag nie en is dit soms 'n swaar vrag eensaamheid. Want die groot, groot kuns en kunstenaar staan alleen in die massa vir wie hy moet droom, verlang en die skoonheid ontdek.

Maar hierdie half onchristelike gedagte sal altyd net 'n mite bly, 'n soektog na 'n onbereikbare droom; want al waarheid hierin is die tydloosheid van die skoonheid.

# Opvoering van Antigone was onvergeetlik

**Met die opvoering van Antigone deur Jea n Anouilh — 'n herskepping van Sophocles se Griekse tragedie van 23 eeue gelede — het di e Departement Drama en Spraakleer kultuurdorsige P.U.-kaners iets gegee wat nog lank sal bly voortleef.**

**Hettie Combrink en Andrie Swart, onderskeidelik Antigone en Kreon, skitter in die hoofrolle. Laasgenoemde in die veeleisende rol van die koning, wat ongenaakbaar hard moet bly, slaag uitmuntend as 'n vertolker van dramatiese emosie. Met sy resonante stem, goeie gelaatspel en sterk besliste houding gee hy die buigbaarheid van vertolking wat van hierdie rol vereis word.**

Maar dit is die „klein, maer meisie", Antigone, wat in die middelpunt van die tragiek sentreer en die stuk laat slaag. Sy, wat wisselend koud en tragies, sowel as die die kind van vreugde moet wees, om die realiteit van die opvoering te verbeeld, word algaande die vertrekpunt van alle emosie.

**BALANS**

Die kontrastering van die ruwe wagte teenoor die fyn Antigone sorg vir komiese afleiding en gee sodoende ook 'n sekere balans.

Interessant is die aanwending van die koor, hier slegs deur een persoon, Abri le Roux, wat 'n funksionele noodwendigheid besit.

Die konflik van Anouilh lê in die „nee" van Antigone: om te sterf en haar menslike waardigheid te behou, of om ja te sê en die sogenaamde vae geluk waarna almal soek, te ervaar. Sy kies die eerste om getrou te wees aan haarself, al bring dit mee dat sy alles moet opoffer, en verwoesting om haar sal saai. Sy kan nie anders nie, dis haarself, hier eindig en begin alles!

**REGISSEUR**

Mnr. Theunis Botha verdien spesiale vermelding as regisseur. Sonder sy insig en bekwaamheid sou die sukses nie daar gewees het nie.

Antigone is op 24, 26 en 27 September in die Totiussaal opgevoer. Dit word ook nog te Carletonville, Klerksdorp, Krugersdorp, Parys, Lichtenburg, Viljoenskroon en Bothaville aangebied.

P.R.



**Antigone (Hettie Combrinck) in omhelsing met haar minnaar, Haimon (Ben Pheiffer) — 'n toneel aan die begin van die drama.**

**Foto: Fotokuns**

# Maties swartgesmeer tydens verkiesing

**'n Smeerveldtog is tydens die afgelope Studenteraadsverkiesing teen twee kandidate, mnre. Christo Wiese en Willem van Drimmelen gevoer. Volgens die nuwe onafhanklike Studentekoerant van Stellenbosch, Studenteforum, is vlugskrifte, onderteken met „Pro Patria" in die vroeë oggend voor die verkiesing in universiteitskoshuise versprei.**

In die vlugskrifte is mnre. Wiese en Van Drimmelen, wat albei primaria van manskoshuise is, aangeval. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle voorstanders van Mac Caarthyisme en die oop gesprek is.

**GEDING**

Volgens Studenteforum is mnr. Van Drimmelen van plan om 'n siviele geding in te stel teen die betrokke persone.

Die voorval is deur Die Matie, amptelike studentekoerant van Stellenbosch in 'n voorbladberig bestempel as „van die laakbaarste en mees onverantwoordelike optrede ooit in ons studentegemeenskap."

Studenteforum berig dat in 'n uitgawe van Die Piekie, orgaan van die Studentetak van die Nasionale Party, wat op die verkiesingsdag verskyn het, aanvalle op studente gedoen is. Ook Studenteforum is in die blad aangeval.

# Carmen Aureum kom tot stand

'n Studentekoor is vanjaar in die lewe geroep. Die koor dra die naam Carmen Aureum en bestaan op die oomblik uit ses-en-dertig lede.

Die dirigent van die koor is mnr. Arie van Namen, verbonde aan die Konservatorium van die P.U. Die eerste voorsitter van die koor was mnr. Louis Botha. Mnr. Anton van Rensburg is verkies tot voorsitter vir die termyn 1966-67.

Carmen Aureum sal amptelik aan die studentemassa bekend gestel word tydens die Lentefeeskonsert op 5 Oktober.

In 1958 is reeds 'n koor aan die P.U. gestig wat in medewerking met die S.A.U.K.-orkes 'n plaat gemaak het. Die koor is egter in dieselfde jaar weer ontbind.

# Tentoonstelling word geopen deur premier

Die Premier, mnr. Vorster, sal sy eerste amptelike besoek aan Potchefstroom in Maart 1967 bring by watter geleentheid hy die eeufeestentoonstelling hier sal open. Aanvanklik sou dr. H.F. Verwoerd dit waargeneem het maar na die sluipmoord het die Landbougenootskap mnr. Vorster gevra om wyle dr. Verwoerd se plek in te neem.

# Bestuurslede op A.B.K.K. verkies

Mnr. Nico van die Merwe is vir die derde agtereenvolgende keer verkies as voorsitter van die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur.

Die dagbestuur van die A.B.K.K. is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. Nico van der Merwe.
Ondervoorsitter: Mnr. Schutte Venter,
Sekretaris: Mnr. Mac van der Merwe,
Penningmeester: Mnr. Johan van Graan.

As voorsitters van die onderliggame van die A.B.K.K. is verkies:

Alabama: Mnr. Flip Buys,
Debat: Mnr. Dirk Wijnbeek.
Carmen Aureumkoor: Mnr. Anton van Rensburg.
Skaak: Mnr. Mac van der Merwe.
Thalia: Mnr. Poen Coetzee.
Volkspele: Mnr. Nico van der Merwe,
Volksang: Mnr. Nico van der Merwe.

*Boekbespreking*

# WURM MAAK DEBUUT

**By Standpunte, Die Tydskrif vir Letterkunde, Contrast en Kriterium het ons nou nog 'n Afrikaanse tydskrif vir letterkunde. Die nuweling heet WURM. Hierdie tydskrif word privaat gebind en versprei.**

WURM wil volgens sy redakteur, geen spreekbuis vir sekere „groepe" wees nie. Die blad het ten doel om 'n forum te wees waar alle letterkundigbelangstellendes of hulle mening kan laat hoor of hulle pennevruggies die lig laat sien. Of genoemde beleid mettertyd Wurm se graf gaan grawe sal die tyd wel leer.

Na die tweede uitgawe van Wurm is dit duidelik dat veral jong skrywers en digters hulle toevlug hierheen neem vir die ontdooiing van hulle eerste werkies. Dit op sigself is geensins af te keur nie. Het 'n „debuutblad" vir jong skrywers en digters nie lank gelede reeds 'n noodsaaklikheid geword nie? Onder die patriargale voogdyskap (broederskap?) van Standpunte se bewindvoerders en medewerkers is die publiseer van jong, nuwe werk in Standpunte nouliks te bedink.

Wat sal dan 'n heerliker ontdekkingstog vir die jong wurmiete wees as om hardop rebels die eie nood uit te kla teen „letterkundige verdrukking"? Ander menings en groter node sal saamgeraap word in een rebelse protes wat gaan sink in egoïstiese selfverbittering teen, ja, teen wat alles nie!

WURM sal m.i. 'n medium vir die eksperiment bly. Tog sal polemieke in hierdie blad met interesse gevolg word. C.J.S.

# Kore tree op vir Lentefees

**'n Lentefeeskonsert sal op Woensdag 5 Oktober plaasvind in die Totiussaal. Die nuwe universiteitskoor, Carmen Aurum sal sy debuut maak, terwyl die Alabama-orkes met koor ook sal optree.**

# *Meisie ontsnap*

'n Oos-Duitse meisie het 220 myl opgevou onder die kap van 'n motor gebly om so na Oostenryk te ontsnap. Die motor, wat deur haar vriend bestuur is, moes verby twee Kommunistiese grense gaan voor dit vryheid bereik het. Van Oostenryk af het die twee hulle reis voortgesit na Wes-Duitsland.

**Mans- en Sportuitrusters**

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

**VEKA**

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp

**INSLEEP!**

WAARHEEN ALMAL SLEEP.

Koshuisbestellings Tel. 6039.



**Mnr. J. E. Bradley ontvang die sleutels van die nuwe bus van 'n verteenwoordiger van die firma wat die bak van die bus gebou het.**

# S.R. KOOP NUWE BUS

**'n Nuwe bus is onlangs deur die Studenteraad aangekoop. Die bus 'n Mercedes Benz, 1966 model is op Woensdag 13 September aan die Studenteraad oorhandig by Mooirivier Motors. Mnr. J. E. Bradley, wat deur die Studenteraad aangestel is as in beheer van die Studenteraad se voertuie het in 'n onderhoud meegedeel dat die Bus R10,000 kos. Die koste sal deur die Studenteraad gedra word.**

Mnr. Bradley het gesê dat die bou van die bak getuig van uitstekende vakmanskap. Hy het ook met lof gepraat van die hulp wat deur Mooirivier Motors verleen is met die aankoop van die bus.

Die nuwe bus, wat plek het vir vyftig passasiers het 'n netjiese voorkoms en die Pukwapen steek duidelik af teen die ligte oppervlakte.

Mnr. Bradley het gesê dat die ou bus moontlik tydens die somervakansie van 'n nuwe bak voorsien sal word, aangesien die masjien en onderstel nog in 'n puik kondisie is. Ook die sleepwa moet 'n meer etiese voorkoms kry, het hy gesê.

Mnr. Bradley het die hoop uitgespreek dat die Studenteraad sal toesien dat alle patronaatliggame van die Studenteraad die Studenteraad se voertuie sal gebruik om die aankoop van die nuwe bus te regverdig.

## Makouvlei skei van Liberalia

Op die laaste gesamentlike koshuisvergadering van Dawie du Plessishuis-Noord en Dawie du Plessishuis-Suid het die koshuisvader, prof. W. J. de Klerk bekend gemaak dat die twee vleuels weerskante van die Pieter Hamersma-eetsaal van owerheidsweë as aparte koshuise erken sal word. Die sentrale huiskomitee verval.

## Klimtolgier op Tukkies

Na 'n vertoning van die „Russel professionele klimtol" in die kafeteria, het die nuwe gier soos 'n veldbrand aan P.U. posgevat, volgens 'n berig in Die Perdeby.

Die demonstrateurs was lede van die internasionale kampioene wat op die oomblik deur Suid-Afrika op reis is om die klimtol (YO-YO) hier bekend te stel.

Aan Die Perdeby is deur die kafeteria-bestuur meegedeel dat klimtolle sedert die vertoning teen 'n tempo van plus-minus sestig per dag verkoop het.

## *Studente wil Rooies bestry*

'n Groep studente wat in 1964 van NUSAS weggebreek het en tot onlangs as die Studentevereniging van die Universiteit van Natal bekend gestaan het, het 'n naamsverandering ondergaan. Die vereniging sal nou bekend staan as die Konserwatiewe Studentevereniging van die Natalse Universiteit.

Die optrede spruit uit 'n verklaring wat die vereniging gemaak het nl. dat een van die doelstellinge van die vereniging sal wees om Kommunisme aan universiteite bloot te lê en te bestry. Die Studenteraad van die Universiteit het die vereniging versoek om hul naam te verander omdat dit verwarring sou skep tussen die Raad en die vereniging.

# Wat is die taak van die Afrikanerstudent?

### *Deur J.M.T. Labuschagne*

**SEDERT die Voortrekkers die Kaap verlaat het, is die Afrikaner steeds besig om te trek. Die territoriale trek het mettertyd omgeslaan in 'n trek oor sogenaamde gemeenskapsgrense. Kortom, territoriale ontplooiing is na verstiging gevolg deur gemeenskapsontvouing. Die Afrikaner beleef tans die eerste fase van hierdie er varing.**

**Dit bly moeilik om hierdie nuwe ontplooiing in sekere afgebakende kompartemente in te deel, omdat dit 'n geheel-ontplooiing is. Tog wil ek die meer opsigtelike verwikkelinge soos volg probeer saamvat:**

(1) Op ekonomiese gebied openbaar die Afrikaanse ekonoom hom reeds as 'n sterk mededinger wat deeglik onderlê is en steeds in al die fasette van die bedryfwese veld wen.

VERSTEDELIKING

(2) Op sosiale gebied beleef die Afrikaner 'n tydperk van intensiewe en versnelde verstedeliking wat groot aanpassings noodsaak. Hier kan veral gelet word op die rol wat kultuur- en sportorganisasies speel (of moet speel) in ons tydsbedeling. Kortom, die Afrikaner bevind hom in 'n nuwe omgewing van die rustige plattelandse lewe;

BEDREIGING

(3) Op staatkundige gebied vind die Afrikaanse stedeling dat daar 'n bedreiging van sy taal bestaan of kan bestaan en merk hy dat 'n herwaardering (positief of negatief) van sy taalposisie gebiedend noodsaaklik is:

(4) Op die breë kultuur- en godsdiensterreine moet die veranderinge noodwendig aanpassings en ontwikkelinge meebring.

Opsommend moet raakgesien word dat hierdie nuwe bedeling ook 'n invloed moet hê op die Afrikanerstudent wat tog uiteindelik later op die voorpunt van die stroom moet vaar. Dit bring ons meteens ook by die Pukstudent. Ek glo nie dit is vergesog om te beweer dat die Pukstudent en sy organisasie hulle moet inpas by die breëre Afrikaner-motief (en ook Suid-Afrikaanse motief) nie. Dit is tog immers wat ons universiteitsowerhede te kenne gegee het deur die beoogde snelle uitbreiding, waaragter die breër diensmotief maklik raakgesien kan word.

STUDENTE-ORGANISASIES

**Tog is dit opvallend dat die Puk se studente-organisasies nie die diepte in insig en die breedte in deursig verteenwoordig wat so 'n belangrike kenmerk van die Afrikaanse-ontplooiing moet uitmaak nie. Inteendeel, nieteenstaande die getalle-uitbreiding van die Puk, het die studente-organisasie weinig ontwikkel. So verteenwoordig die Studenteraad numeries weinig studente en in denke selfs nog minder. Die eksklusiewe karakter van die Studenteraad (sterk gestimuleer deur die bykans arbitrêre stelsel van eliminasie) sluit die deure vir baie van die werklike dinamiese leiers. Dit is bv. moeilik in te sien dat die teologiese studente en bloc oor so 'n leierskapasiteit beskik dat hulle selfs meer as die helfte van die Studenteraadslede kan voorsien.**

Om hierdie onhoudbare situasie te verlig, kan die volgende aan die hand gedoen word:

1) 'n Meer positiewe benadering moet verdere ontwikkeling kenmerk. Omdat dit van ons vereis word om uit te brei en te ontwikkel, (soos bo uiteengesit), moet ons die risiko van meerdere getalle en ander opvattinge en beskouinge neem. Dit moet gedoen word deur studente te betrek (positief) en nie uit te stoot (negatief) nie. Daar lê dus na binne 'n belangrike taak vir elke Puk-student wat die uitgangspunt van die Puk onderskryf en uitleef;

GEDESENTRALISEERD

**2) Die studente-organisasie moet 'n meer gedesentraliseerde vorm aanneem, sodat meer geleentheid vir individuele en kleiner groepsinsiatief geskep word. So moet die koshuisgemeenskappe 'n steeds meer prinsipiële plek in die studentelewe inneem. Meer geleentheid moet dus gebied word vir leierskoling. As gevolg van die Puk se besondere gekanaliseerdheid hoef nie gegevrees te word dat die Puk, soos die stadsuniversiteite in lokale, losstaande eenhede sal verval nie. Daar behoort altyd ruimte te bestaan vir die effektiewe groter samesnoerende organisasie:**

3) Die taak van die studente-organisasie moet deurgaans gesien word teen die agtergrond van die groter Afrikanermotief. Hierdeur wil nie te kenne gegee word dat die studente se gesigsveld by die Afrikaner moet ophou nie; inteendeel, hy moet sy eie mense dien en ook groter eenhede dien, wat uiteindelik die hele mensheid insluit en die goddelike bevel tot naasteliefde volvoer;

ROTTEJAERS

4) Kortsigtige en kleingeestige minderhede (studente en andere) moet geïgnoreer en moet 'n plek in die kunsmuseum (as daar kuns in is) kry. Rottejaers moet uitgeskuif word en in 'n afsonderlike rottestan hulle rottejaery tot iets groots ontwikkel.

So sien ek die situasie in die breë. Toepassing vereis egter deeglike beplanning en kundigheid wat 'n nuwe uitdaging aan die huidige en toekomstige student stel en wat ons studente-organisasie op standaard kan bring. Kan ons?



**Die vorige hoofredaukteur van Die Wapad, mnr. Koot Reinecke word hier deur Piet Fotokuns betrap terwyl hy peinsend na 'n Wapad in wording op die drukkerstafel kyk. Die nuwe redaksie wil mnr. Reinecke hartlik bedank vir die harde werk wat hy verlede jaar verrig het en die hoe peil waarop hy Die Wapad geplaas het.**

**Foto: Fotokuns**

# GEHEIME AGENT VERDWYN VAN DURBANSE KAMPUS

**"A Special Branch Secret Agent may have been planted at the University of Natal (Durban) to spy on students."**

Die woorde wat in RHODEO van 24 Aug. verskyn spruit uit die inhegtenisname van Dave Ernst en kort daarna die verdwyning van John Brookes aan die Durbanse Universiteit.

Die agterdog was nie tevergeefs nie. Uit 'n artikel in die Transvaler van 22 Sept. blyk dit dat John Brookes by die Veiligheidspolisie ook bekend was as Geheime Agent G082. Brookes wat hom aan die Durbanse Universiteit as student ingeskryf het, het saam met Ernest gebly en talle ander linksgesinde „vriende" gehad.

Ernst verskyn saam met Rowley Arenstein (48) en Victor Finkelstein (28) in die Randse strafhof voor regter Cillie ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.

## Jong vroue mag nie laat werk

Kantoorwerksters van Melbourne in Australië wat onder negentien jaar oud is, sal in die toekoms nie na agt-uur in die aand mag werk nie, behalwe as hul ouers of voogde daartoe instem. Die stap volg op klagtes van die ouers van die ongeveer agt duisend jong kantoorwerksters.

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . . dié kafee waar studente hul koeldrankie drink, EN SNOEKER SPEEL!

Tomstraat 86 Tel. 5474

# PUKKE VERBEUR BEKER

**Die P.U. se eerste rugbyspan het hulle kanse om die Blaine-beker in te palm, verbeur, toe hulle in 'n wedstryd teen Rustenburg, voorverlede Woensdag met 9-3 geklop is.**

**Die wedstryd wat op Rustenburg onder spreiligte plaasgevind het, was deurentyd deur harde voorspelerspel gekenmerk. Die ligte Pukspelers moes alles in die stryd werp om die gedugte agttal van die Rustenburgers in toom te hou.**

In die lynstane het die Pukke die bal telkemale suiwer bemeester, dog die Rustenburgers het elke keer deurgebars om Jan Schutte lastig te val. Die Rustenburgers is nie vir die optrede gestraf nie.

GEVAARLIK

Wanneer die bal die P.U. se agterlyn bereik het, het die spelers gevaarlik voorgekom en verskeie bewegings is naby die Rustenburgse doellyn gestuit. Met die nodige afronding kon die spel maklik in die Pukke se guns geëindig het.

Goeie spel is vir die Pukke gelewer deur Bertie Fourie op heelagter en Koos du Plooy (senter) wat ook die enigste punte vir die Pukke aangeteken het met 'n strafskop van 55 tree. Rustenburg se punte het gekom van twee skepskoppe en 'n drie wat nie vervyf is nie.

## Rugbyspelers het atletiek nodig

„Rugbyspelers moet gedurende die somermaande aan atletiek deelneem om hulle op te bou vir die rugbyseisoen." Sô het mnr. Hannes Botha, bekende sportafrigter, onlangs gesê.

Die waarheid van hierdie woorde word jaarliks bewys wanneer onfikse rugbyspanne op die veld rondstrompel in 'n poging om rugby te speel. Eers teen die einde van die seisoen ruk baie spanne reg. (Het die P.U. nie vanjaar 'n sprekende voorbeeld hiervan gehad nie?).

**Daar word betroubaar verneem dat mnr. Piet Malan, sportdirekteur van die P.U., beoog om sy rugbyspan vir volgende jaar op dié wyse op te bou.**

**Dan sal spelers die eerstespan haal volgens verdienste van fiksheid, het hy gesê.**

## Sal Player minibaan open?

Indien daarin geslaag word om Gary Player te kry om die minigholfbaan wat by Dawie du Plessishuis opgerig word te open sal die baan na hom genoem word, word verneem. Die gholfbaan van tien putjies wat tans vinnig voltooiing nader, staan tot dusver bekend as die M. Lindeque-gedenkgholfbaan, volgens 'n besluit wat op 'n koshuisvergadering van Dawie Dup-Suid geneem is. Mnr. M. Lindeque het die voorstel ingedien dat die baan gebou moet word uit inkomste wat verkry is uit die Interkoshuiskonsert. Die projek is aangepak met hulp van Dawie Dup-Noord, geld uit die twee koshuiskasse en steun van die owerheid, word verneem.

## P.U.-ATLETE SKITTER

**Twee Junioratlete van die P.U. het Saterdag daarin geslaag om die Wes-Transvaalse atletiekspan te haal wat op 10 Oktober op Krugersdorp teen die Wes-Duitse skolespan en 'n span van Suid-Transvaal sal kragte meet.**

Hulle is Etienne Schalekamp en Willie van der Westhuizen.

BETER


Tydens die proefbyeenkoms het Schalekamp die 120 tree hekkies gewen in 14.5 sek. Dié tyd is heelwat beter as die tyd van R. Kruger van Noord-Transvaal wat tydens 'n soortgelyke byeenkoms 15.4 sek. gehaal het. Schalekamp het die 220 tree-hekkies in 25.7 sek. gewen.

Willie van der Westhuizen het die 100 tree gewen in 10.1 sek. Dit is slegs 0.1 sek. stadiger as die tyd van J. van der Walt wat Saterdag in Noord-Transvaal 10.0 sek. gehaal het. Van der Westhuizen het ook tweede plekke behaal in die 220 tree sowel as die 440 tree.

## Vliegtuigritte georganiseer

Die pasgestigte trampolienklub van die P.U. het vliegtuigritte met 'n ligte privaatvliegtuig georganiseer vir belangstellendes om sodoende fondse in te samel. Daar sal ook nagvlugte gereël word, waarvoor slepers afslag kry, het die voorsitter van die klub meegedeel.

Persone wat in die ritte belangstel kan skakel met koshuisorganiseerders of hul name met geld (55c. per persoon) en voorgestelde datum in die Trampolienbussie by die Studenteraadsantoor gooi, word verneem.



Thys Pretorius, wat die meeste doele aangeteken het vir die sokkerklub in die afgelope seisoen.



'n Netjiese agteroor-salto word op die trampolien uitgevoer deur Anita Vorster, lid van die pasgestigte Trampolienklub. Die klub oefen langs die Totuissaal.

Foto: Mac v.d. Merwe

## Trampolienklub wil groot dinge verrig

**Die P.U.-trampolienklub wat gestig is in Julie vanjaar, sal Saterdag reeds aan 'n wedstryd op Rustenburg deelneem, het mnr. Chris van der Walt, voorsitter van die klub in 'n onderhoud gesê.**

Die klub sal ook teen Tukkies te staan kom en beoog verder 'n trampolienvertoning in die Totiussaal waar Suid-Afrikaanse kampioene sal optree.

Die klub, wat nie daarin kon slaag om die Gimnastiektrampolien vir oefeninge te kan gebruik nie, het 'n trampolien gehuur van 'n persoon uit Ventersdorp.

Om hul fondse te verstewig, beplan die klub vliegtuigritte vir belangstellendes. Weens gebrek aan fondse moet die klub sy ledetal beperk, het mnr. Van der Walt gesê.

## PUKKE BLINK UIT OP ELLISPARK

**In 'n opwindende rugbywedstryd op Ellispark het Transvaal verlede Woensdagaand daarin geslaag om 'n Suid-Afrikaanse Studentespan met 30-20 te klop.**

**In die eerste helfte het die studente gesukkel om te kombineer en Transvaal die kans gegee om punte op te stapel. Die rustydtelling was dan ook 20-6 in die guns van Transvaal.**

In die tweede helfte was dit 'n ander storie en het die studente gaandeweg hulle voete gevind ten spyte daarvan dat Transvaal hul voorsprong tot 30—6 vergroot het.

Aan die kant van Transvaal moet 'n mens die naam van Mickey Gerber uitsonder. Hy het onder druk baie goed vertoon en weer van sy ou vernuf getoon. Vir Transvaal is drieë aangeteken deur Tinkie Johannsen, Van der Schyff, Van Vuuren (2) en Dannhauser. Gerber het al die drieë vervyf.

STUDENTE

Vir die studente is punte behaal deur Denton, Grace (2 drieë), Du Plooy (skepskop) en Van der Merwe wat geslaag het met 'n skep-, vervyf en strafskop.

Die Pukke in die span nl. Koos du Plooy en Jannie Schutte het uitstekend vertoon en hul goed van hul taak gekwyt. Senter Grace en vleuel Alan Miller het goeie spel gelewer. Hulle het met taktiese skoppies telkens baie veld gewen. Vir die Transvalers het Toy Dannhauser deurgaans uitstekende spel gelewer.

In die laaste tien minute het die studente knaend aangeval en die Rooibontes lelik laat bontstaan. Binne 'n kort rukkie het die studente veertien punte aangeteken, maar die agterstand was te groot en Transvaal het as oorwinnaars van die veld gestap.

## O/20-SPAN KRY LIGABEKER

Die Puk se O.20 rugbyspan het Saterdag die ligabeker op Olënpark ontvang.

Die span het dwarsdeur die seisoen met puik spel vorendag gekom en telkens hul teenstanders verras. 'n Mooi gees is opgebou en elkeen het altyd sy beste gelewer. Daar word verwag dat die spelers 'n stewige fondament sal vorm om op voort te bou in die jare wat kom.

Hulle krag is bewys deur hul pragoorwinnings teen Tuks en U.O.V.S. wat hulle onderskeidelik met 19—3 en 16—3 geklop het. Nog 'n bewys van hul oorvloedige talent is die feit dat twaalf van hulle al die Wes-Transvaalse O.20 span verteenwoordig het.

## MATIES VERKIES PROVINSIE BO UNIVERSITEITE

**Die Suid-Afrikaanse Universiteite se verteenwoordigende rugbyspan is toe uiteindelik na baie wik en weeg saamgestel. Inderhaas moes Maties se spelers, wat aanvanklik gekies is, hulle onttrek as gevolg van provinsiale verpligtinge. Die vraag wat nou opduik is: Moes Maties ooit in aanmerking gekom het vir die Universiteitespan?**

In die verlede het dié Universiteit hulle gebrek aan belangstelling jeens gekombineerde of gesamentlike studenterugby duidelik laat blyk. Die negering van die Universiteit-uitklopreeks getuig immers daarvan.

RUGBYBASE

**As dié Universiteit se rugbybase dan nie belangstel om hulle studente gesonde studenterugby te laat speel nie, waarom hulle dan nog in aanmerking neem vir die Universiteitespan? Laat hulle maar provinsiale rugbyspeel — dit is tog blykbaar al waarom dit vir hulle gaan.**

Dié ambisie is nie af te keur nie, eerder prysenswaardig. Maar dan moet reg geskied: Gee die universiteite wat studenterugby terwille van studenterugby wil speel, die geleentheid daartoe — Laat hulle wat af en toe studenterugby wil „gebruik" om hulle doel te bereik, geheel en al uit die rugby.

Dit sou die spreekwoordelike kurkprop in die sjampanjebottel wees.

C.J.S.

## Vier Pukke voltooi Marathon

**Die Goue-Westemarathon vir 1966 het ten einde geloop met vier Pukke onder die geledere van die bittereinders wat die wedloop voltooi het. Die marathon is Saterdagoggend vanaf Stilfontein na Potchefstroom afgelê.**

Om half-agt die oggend het die manne weggespring. Reeds vroeg het die sonpyle begin steek. Die hulpverskaffing langs die pad was flink en deurentyd is die langasems voorsien met water en soutpille.

Die uiteindelike wenner, Olaf Vorster, het ongeveer vyf minute laat by die wegspringplek opgedaag. Hy het haastig van sy sweetpak ontslae geraak en in die pad geval. Na die eerste ses myl het hy reeds voor gedraf.

Die vier Pukke wat geslaag het om die wedloop te voltooi is: Dewald Steyn, (derde), Fanus Heysteck (sesde), Kobus Jooste en Anton van Rensburg. George Müldner het nie deelgeneem nie.

## Dagbestuur van S.S.B. verkies

Die dagbestuur van die S.S.B. vir die termyn is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. Dawie Smith.

Ondervoorsitter: Mnr. Willem Scott.

Sekretaris: Mnr. Pieter van der Walt.

Penningmeester: Mej. Janette Wissing.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

*„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . ."*

Turkstra

te kry by u kafeteria